# TROUKOORS



*Ben en Elzette Slabbert is op 25 November 2023 te De Pecan Valley, Heidelberg, getroud. Ben is die seun van wyle Paul en wyle Iluanita Slabbert van Heilbron. Elzette is die dogter van wyle Jan-Hendrik en Linda Strydom ook van Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*



*Frikkie en Maryke Labuschagné is getroud op 18 November 2023 te VESA Wedding Venue, Meyerton. Frikkie is die seun van Danie en Elsa Labuschagne van Heilbron. Maryke is die dogter van Leon en Carol Grobbelaar vanaf Deneysville. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*

## In Memorium

* 16.12.1984 † 22.08.2008




As ek terugkyk op my lewenspad sien ek elke kronkelpad, my lewensdrome het nooit uitgewerk nie... God was altyd daar, dit weet ek, en Hy gee krag al wonder ek soms hoekom dinge gebeur het .... My lewe is afgemeet en God is in beheer! En ek hou aan probeer, en eendag sal ek dalk verstaan, tot dan sal ek altyd probeer ... elke dag, al voel ek soms vasgevang, gister kan vir ewig bly maar seer kan jy altyd ruil vir 'n glimlag ... en my drome kan ek altyd in môre se goud belê....

## In Memorium




**Wessie van der Westhuizen**
Die 1ste Januarie 2024 sal dit 'n jaar wees wat ons jou gegroet het. Ons harte is nog steeds seer en die verlange word elke dag meer want jou stem is stil en jou plekkie bly leeg.
**Janetta, kinders & kleinkinders**

# OK Mini-Mark



*Voor vl: Johan van der Merwe (Hoof van OK Sentraal Divisie), Martin Lourens (Kaapstad Hoofkantoor), Calvin Du Randt (Storage Concepts), Joe Casquilho (Fresh Mark van Kaapstad). Middel: Dieter Nel (IT OK Bloemfontein), Johnny van Ryneveld (OK Hoofkantoor Bloemfontein), Rianda van Wyk (Bestuurder), Cobus Barnard (OK Hoofkantoor Kaapstad), Stefan Gouws (Hoof Uitvoerende Beampte - OK Franchise Division Hoofkantoor Kaapstad). Agter vl: Tinus de Wet (Arch Bloemfontein), David Geldenhuys (Arch Hoofkantoor Kaapstad) Ettiene Pienaar (Pro Freeze Bloemfontein), Rohann Greyling (Arch Bloemfontein), Juney Greyvenstein (Pro Force Bloemfontein), Ruan van der Walt (OK Sentraal Bloemfontein), Christo Sander (OK Sentraal Bloemfontein), André du Toit (Mede Eienaar) en Jan du Toit (Eienaar).*



*Jessica du Toit en Jan du Toit (Eienaar).*



*Mnr Stefan Gouws (Hoof Uitvoerende Beampte - OK Franchise Division Hoofkantoor Kaapstad).*



*Francois du Toit, André en Jessica du Toit (Jan-Steff en Jessie), Jan en Janet du Toit.*

Die Heilbron gemeenskap het met 'n warm hart die Du Toit familie in hulle midde terug verwelkom, en tydens hulle onlangse ope dag was daar amper nie plek vir 'n muis om te stop nie.

Lede van hoofkantoor in Kaapstad asook Bloemfontein het na Heilbron gereis om die opening by te woon. Die Du Toit Familie het met trots saam met Mnr. Gouws en sy span, asook OK Sentraal, deur die nuwe Mini-mark gestap om die skoon en netjiese fasiliteit te inspekteer.

Na die amptelike opening het die Du Toit's almal na die plaaslike gholfklub vergesel vir 'n feesmaal. Jessica du Toit, vrou van André du Toit, het die gholfklub in 'n sprokiesagtige atmosfeer omskep, en dit was duidelik dat die Du Toit's nie net 'n besigheid bedryf nie, maar deel is van die gemeenskap.

Die goeie verhouding tussen die Du Toit's en Hoofkantoor was sigbaar deur die manier waarop Jan almal as 'n uitgebreide familie beskou en behandel het. Tydens die geleentheid het André du Toit ŉ kort toespraak gehou: "Wel, Du Toit's, ons het dit gemaak!" Die waardering vir die gemeenskap en die rol wat elkeen gespeel het, was duidelik in sy boodskap.

Francois het 'n blik op die suksesverhaal gegee en beklemtoon dat die opening van die Mini-mark eerstens aan God toegeskryf moet word, en tweedens aan die ondersteunende gemeenskap. Hy het verduidelik dat die reis na hierdie punt nie sonder uitdagings was nie, maar met die onvoorwaardelike steun van Heilbron se mense, het hulle dit reggekry.

Mnr. Gouws (Uitvoerende Hoof van OK Kaapstad) het die Du Toit Familie gelukgewens en hul bedank vir die koninklike ontvangs. Hy het die familie ook erken vir hul groot bydrae tot die OK-groep, waar hy sê: "Sonder lede soos julle kan ons dit nie doen nie. Julle weet nie wat julle vir ons beteken nie." Hy het die uitdagings van die kleinhandel erken, maar het die Du Toit familie bedank vir hul toewyding en sukses.

Die atmosfeer van respek en waardering tussen Mnr. Gouws en die Du Toit familie is duidelik voelbaar, en die gemeenskap kan slegs voorspel dat hierdie nuwe onderneming 'n suksesvolle baken in die hart van Heilbron sal wees. Met 'n gesonde gemeenskap en 'n toegewyde onderneming kan die samewerking net voorspoed en groei bring.

